

Skriflesing: Hand 2:37-47

Tema: Die ABC van gemeenteweese.

Die NG Kerk het in die afgelope 20 jaar meer as 20% van sy lidmate verloor. Van 2000-2004 is daar 7 900 kategete en 65 000 kategete minder. Een uit elke 5 gemeentes is ingestel op oorlewing. Op baie plekke het gemeentes 'n verwagtinglose gemeenskap geword. Waarom het dit gebeur? Daar is baie redes hiervoor. Redes soos die bevolkingsaanwas (tradisionele lidmate word ouer en kinders word minder), baie jongmense sit oorsee, 'n beduidende aantal lidmate is weg na ander kerke of het verdwyn uit die kerk. Sommiges het kerkloos geword. Dit gaan op baie plekke swaar met die NG Kerk. Ons worstel met "issues."

Dit gaan ook swaar met die Christene in Handeling 2. Gelowiges is onder geweldige druk. Die Jode het hulle leer as Godslasterlik beskou. In die tyd van Hand 2 het hulle nog in die tempel bymekaargekom, maar hulle was al minder welkom totdat hulle uit die tempel verban is. Daar is op hulle leierskorps toegesak met verhoor en vervolgings. Rome was aanvanklik versigtig in hulle optrede teen die Christene. Geleidelik is die skroewe aangedraai teen die "sekte" wat teen keiserverering is en 'n politieke risiko geword het weens hulle groeiende getalle.

Die gelowiges was hoofsaaklik arm mense sonder hoë aansien of politieke invloed. Hulle het geen kerkgeboue gehad nie. Baie van die leiers was ongeletterd. Tog groei die kerk - vanaf ongeveer 120 tot 3 000 gelowiges in die tyd van Hand 2. In Hand 4 lees ons die kerk is omtrent 5 000 mense. So groei die kerk oor 300 jaar jaar totdat die kerk uit ongeveer 33 miljoen mense uit 'n totale bevolking van 56 miljoen bestaan. Hoe gebeur dit?

Ons kry die ABC van gemeenteweese in Hand 2:37-47

Tema: Die ABC van gemeenteweese.

1. **A**anbid
2. **B**ybel
3. **C**hristelike byeenkomste
4. **D**oen van wonders en tekens
5. **E**ensgesind
6. **F**amilie
7. **G**od geprys en **g**oedegesindheid van die volk geniet
8. **H**eilige Gees-gevulde lewens geleef

1. Aanbid/gebied

In talle verse in Handeling lees ons van die erns wat die vroegste gemeente met gebed gemaak het. In die aanloop tot die Pinksterfees (Hand 1:14) het almal eensgesind volhard in gebed.

In Hand 2:42 lees ons dat die eerste gemeente hulle heelhartig toegelê het op gebed. Voor die vrylating van Petrus en Johannes (Hand 4) het almal saam tot God gebied.

Hulle het nie opgehou bid nie. In Hand 12 word Petrus bevry uit die tronk en is hy na die huis waar baie gelowiges saam was om te bid. Die eerste gelowiges het geweet waar hulle krag vandaan kom.

Hoeveel bid jy? Leef jy biddend afhanklik van God?

2. Bybel

Ons lees in Hand 2:42: "Hulle het hul heelhartig toegelê op die leer van die apostels."

Daarom was hulle nie verward nie. In 'n wêreld vol afgode en dwaalleer het hulle geweet wie hulle was. Hulle was mense van die weg, Jesus-mense.

Ons is beter af as die eerste gemeente. Ons het die volledige Bybel in ons taal. Maar gebruik ons dit? Calvyn het al gesê dat Bybelmoegheid en Bybelverduistering altyd lei tot Godsverduistering.

3. Christelike byeenkomste

Die eerste gemeente het: "elke dag getrou by die tempel bymekaargekom." Ons lees twee maal dat hulle die gemeenskaplike maaltyd gehou het. U ken waarskynlik die ou waarheid dat elke gelowige soos 'n kool in die vuur is. As ons eenkant lê, word ons koud. Dit is tussen ander gelowiges dat ons warm bly.

4. Doen van wonders en tekens

Ons lees in Hand 2:43: "Die apostels het baie wonders en tekens gedoen, en dit het almal met diep ontsag vervul."

5. Eensgesind

Die Romeinse ryk was 'n suksesvolle ryk. Mense het na groot stede gestroom soos vandag nog. In elke groot stad was daar mense van elke volk, taal en nasie. By die uitstort van die Heilige Gees in Hand 2:8-10 word 15 verskillende tale en kulture vermeld. Die gemeente was 'n regte deurmeekaarspul. Die potensiaal vir kultuur-, ras- of klas-botsings was hoog. Hulle was 'n uiterste uiteenlopende groep mense en tog het dit hulle nie gepla nie, want hulle was gevul met een Heilige Gees. Hulle was die 1 liggaam van Christus - God se huisgesin. Waar iemand onregverdig hanteer is, is dit met passie aangespreek. In liefde aan mekaar verbind, was hulle eensgesind. Die ander ding waarvan ons twee maal in die teksgedeelte lees, is dat hulle alles met mekaar gedeel het. Hulle het gesorg vir mekaar. Hulle het vrywillig hulle grond en besittings verkoop en hulle geld aan almal uitgedeel volgens elkeen se behoefte.

6. Familie

In die tydperk van 300 jaar nC was daar twee ongelooflike groot epidemies in die Romeinse ryk. In die eerste epidemie is tot 'n derde van die inwoners van die Romeinse ryk dood. Honderd jaar later was dit weer so. Toe die tweede epidemie op sy ergste was, is 5000 mense per dag in Rome alleen oorlede. Christene het in hierdie tyd veel beter as enige ander groep oorleef. Hoe het hulle dit reggekry? As God se familie het hulle vir mekaar en ander siekes gesorg. Na elke epidemie het mense in groot getalle by die gemeente ingeskakel, want die gelowiges was anders as hulle wat nie die Here geken en gedien het nie. Hierdie eenheid was nie mensgemaak nie. Die eenheid was in God en Sy liefde - as familie is die gemeente aan mekaar verbind deur die Heilige Gees.

7. God geprys en die goedgesindheid van die volk geniet (Hand 2: 47)

Die gelowiges was vol vreugde. Hulle het God geprys omdat Hy so groot en goed is.

Hulle het gefokus op God en daarom kon hulle, soos Hy, fokus op die wêreld. Hulle was passievol betrokke by die wêreld. Gelowiges was ten midde van hulle eie swaarkry tot seën van hulle omgewing. Hulle het nie gesit en kla oor hoe sleg dit met hulle en hulle wêreld gaan nie. Hulle was anders. Hulle het God se boodskap van hoop in Jesus Christus aan mense gebring met hul mond, maar ook met hulle lewens in daad van liefde. Hierdie gesonde Christengemeenskap het mense na Christus toe getrek. Mense

wou daar wees. Mense wou soos hulle wees en die Here het elke dag mense wat gered word by die gemeente gevoeg.

8. Heilige Gees gevulde lewens. Die gemeente het anders geleef onder leiding van die Heilige Gees.

Hulle kragbron was buite hulself. Binne-in hulle was die Heilige Gees, die krag van God. Omdat die Heilige Gees in hulle was, het 'n kragtige getuienis van die gemeente uitgegaan deur woord en daad.

In die Romeinse ryk en spesifiek in Rome was seksuele losbandigheid in al sy vorme aan die orde van die dag. Huweliks- en gesinsverval was skokkend. Aborsie was so algemeen dat babalykies een van die oorsake was waarom rioolstelsels verstop het.

Die Christelike geloofsgemeenskap het onder leiding van die Heilige Gees anders gelewe. Hulle het hulle huwelikslewe volgens Bybelse beginsels ingerig en het daarom meer stabiele huweliks- en gesinslewens gehad.

Die eerste Christene was betroubare mense waarop jy kon reken. Onder 'n heidense regering het hulle steeds hard gewerk, want hulle het gewerk asof vir die Here. Keiser Konstantyn het die Christelike godsdiens in 313 nC vrygestel van alle vorme van vervolging. Hy het self die die geloof aanvaar. Sy motiewe was nie so suiwer nie. Hy het geweet dat jy nie 'n ryk kan regeer sonder betroubare mense nie en Christene was betroubare mense. Hy wou hulle saak bevoordeel, want hulle sou sy saak bevoordeel.

Hierdie eerste gemeente was so ywerig vir die Here en hulle het soveel onderlinge liefde uitgestraal dat dit aansteeklik was. So het die evangelie in 40 jaar van Jerusalem tot in Rome versprei.

Afsluiting

Gemeentes van die Here sal altyd 'n toekoms hê. Ek glo dit, want ek glo in die Here wat Sy kerk instandhou.

Maar die Here hou Sy gemeente deur my en jou as Geesge vulde gelowiges instand. Hy maak vir elkeen van ons medeverantwoordelik vir die toekoms van Sy kerk. Ek en jy as Geesge vulde mense moet met die ABC van gemeentewees al meer kerk wees soos die Here wil hê dat ons moet wees.

Amen